

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 02 Mar 2018
Page: 27

AVE: 40984.94
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Makwala bo in 400, maar SA duo skitter by eerste GP-byeenkoms

**Wim Pretorius**

Die eerste been van die Grand Prix-atletiekreeks het Donderdag vir groot opwinding gesorg met veral die Universiteit van Pretoria (Tuks) se atlete wat die internasionale teenstanders opdraende gegee het.

Die grootste trekpleister was sonder twyfel die blits van Botswana, Isaac Makwala, wat in 'n kwessie van 'n halfuur die 400 m én die 200 m afgeblits het.

Hy het sy gehalte in die 400 m gewys deur in 45.03 te wen, met die Tukkie Thapelo Phora wat tweede was in 45.39. Die verdedigende nasionale kampioen van die Noordwes Universiteit se Potchefstroomkampus (Pukke), Pieter Conradie, wat derde was in 45.77.

Die wedloop van die dag was egter die 200 vir mans, waar die Tuks-duo van Anaso Jobodwana en Clarence Munyai vir Makwala, wat duidelik meer tyd nodig gehad het om te herstel tussen sy items, hakskene gewys het.

Jobodwana het die wenstreep in 20.13 oorgesteek vir sy sege, met Munyai wat tweede was in 20.18 sek.

Die Madibaz se Luxolo Adams was derde in 20.45, terwyl 2014 se o.18-wêreldkampioen van die VSA, Trentavis Friday, vierde was in 20.61 sek.

Makwala moes met die vyfde plek tevrede moes wees in 20.89.

In die 400-hekkies vir mans het LJ van Zyl sy litte losgemaak toe hy tweede geëindig het teen die voormalige wêreldkampioen David Greene van Brittanje.

Greene het in 49.38 gewen, met Tuks se drie blitse in Van Zyl (49.64), die nasionale kampioen, Leroux Hamman (49.66) en Constant Pretorius (49.72) wat gevolg het.

In die 1 500 m het George Manangoi van Kenia vir Joshua Cheptegei van Uganda in 'n tyd van 3:40.62 geklop, met die Ugandees tweede in 3:41.04.

Thembisa Atletiekklub se Ryan Mphahlele was derde in 3:41.65.

Uganda se Halimah Nakaayi het die 800 vir vrou gemaklik gewen in 2:01.44, terwyl haar landgenoot Winnie Nanyondo tweede was in 2:02.84 en Suid-Afrika se semifinalis by die Wêreldkampioenskappe in Londen, Gena Löfstrand, derde in 2:03.56.

In die 400 vir vroue het die voormalige wêreld- en Statebondkampioen Amantle Montsho van Botswana maklik in 50.66 gewen.

Haar landgenoot Christine Botlogetswe was tweede in 52.07, met die Matie-atleet Justine Palframan derde in 52.19.

Die nasionale kampioen in die 400 m-hekkies, Wenda Nel, was vierde in 52.50 sek.

Die Hoërskool Monument se Thando Dlodlo het sy uitstekende peil in die 100 m vanjaar voortgesit toe hy teen die hardebaarde Simon Magakwe en Henricho Bruintjies deelgeneem het en net-net derde was.

Magakwe het in 10.27 gewen, Bruintjies was tweede in 10. 28 en Dlodlo derde in 10.32.

Mpho Links van die NWU het die hoogspring gewen met 'n hoogte van 2.20 m, met die junior sensasie van Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch, Breyton Poole, wat tweede was nadat hy op 2.15 m oor die lat is.

Meike Strydom van die klub Coastline het die gewigstoot met 'n afstand van 15.96 m gewen.

Tebogo Mamathu van Tuks het die 100 vir vroue in 11.47 gewen, met Botswana se Leungo Matlhaku tweede in 11.55 en die Universiteit van Johannesburg (UJ) se Tamzin Thomas derde in 11.64.

Die wenners het elk R20 000 in die sak gesteek.




**Anaso Jobodwana het gisteraand in die Ruimsig-stadion in Johannesburg die 200 m gewen.** Foto: GALLO IMAGES

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.